Belius **Potgieter**

Maties rugbyspan nommer een in die land!

Gio Aplon ontvang die trofee as beste agterspeler vir die toernooi van Cliffie Booysen van SA Rugby.

Die Maties slot DD Potgieter rank hoog om die bal vir die Maties te wen in die wedstryd teen Raiders van Johannesburg in die Danie Cravenstadion.



Die Matie haker en kaptein, Michael Laubscher, hou die trofee as kampioenspan omhoog.

Wie sê drome word nie waar nie? Die FNB Matie Rugbyspan van Ian Kirkpatrick en Chean Roux het tydens die Supersport Nasionale Klubkampioenskap wat in September op Stellenbosch gehou is, bewys dat drome steeds waar word.

Die Maties het vriend en vyand verras om na 'n stotterende begin van die seisoen, wat onder meer vernederende neerlae teen die Kovsies en Pukke insluit, die gesogte klubtitel te buit. In die aanloop tot die titel het die Maties binne 'n kwessie van sewe dae met die voorste klubspanne in die land afgereken. Die Maties het die titel nou al elf keer verower.

Die Maties, wat agste vir die toernooi gekeur was, het die feitlik onmoontlike taak gehad om agtereenvolgens met die Pukke (1e gekeur en verdedigende kampioen), Kovsies (4e gekeur) en die Universiteit van Johannesburg (3e gekeur en FNB Superbowl kampioen) kragte te meet. In die eerste rondte van die toernooi het die Maties teen die onbekende maar hoogaangeskrewe Raiders van Johannesburg, te staan gekom. Die Maties het die toernooi met 'n klinkende oorwining van 69-7 afgeskop.

Twee dae later was dit die magtige Pukke. Rustyd het die Maties met 'n agterstand van 5-13 gaan water drink. Met die aanvang van die tweede helfte het die Maties stelselmatig beheer oor die wedstryd gekry en sodoende die telbord op reëlmatige wyse aan die rol gehou, om uiteindelik 42 onbeantwoorde punte aan te teken, vir 'n wentelling van 47-13, sonder dat die Pukke enige punte in dié helfte kon byvoeg.

Nog twee dae later was dit weer sulke tyd toe die Maties en die Kovsies mekaar in die Danie Cravenstadion om 'n plek in die finaal moes pak. In 'n genadelose, opwindende wedstryd het die Maties die aanslae van die Kovsies die hoof gebied om met 34-31 as die wenners van die veld te stap.

'n Verdere twee dae later pak die Maties die Universiteit van Johannesburg (UJ) in die finaal. In 'n klipharde wedstryd het die Maties met twee doele vinnig 'n voorsprong van 14 punte behou. Die Maties was ongelukkig om by verskeie geleenthede nie verdere punte aan te teken nie, maar het deurentyd aan die voorsprong geklou om uiteindelik tot groot vreuge van die talle Matie-ondersteuners by die veld, met 24-13 as oorwinnaars die beker te kon hooghou.

Die veteraanafrigter Ian Kirkpatrick en sy kollega Chean Roux verdien lof vir die wyse waarop hulle, na 'n sukkelbegin, die Matieskip se neus tot glorie as nasionale kampioen gedraai het. In die ses jaar wat Kirkpatrick by die Matiespan se deelname aan die nasionale kampioenskap betrokke was, het sy span vier keer die titel verower, terwyl die Maties die ander twee kere in die semi-finale uitgeskakel is. 'n Fantastiese getuigskrif vir hom en sy jong adjudant, wat by die vorige oorwinning in Pretoria nog die beker as die kaptein van die Maties se wenspan omhoog kon hou.

m

Die FNB Maties wenspan.

Belius Potgieter, *die skrywer van hierdie artikel, is 'n bekende gesig op Stellenbosch en was tot einde September die Direkteur van die US Sportburo. Vanaf Oktober is Belius gesekondeer na die Stellenbosch Rugby Voetbalklub. Belius is rasend opgewonde oor sy nuwe verpligtinge. "Ons het vanjaar al omgeswaai van 'n kultuur van wedstryde verloor na 'n wenkultuur. Ons het ook die WP-liga vir die negende agtereenvolgende jaar gewen, asook die FNB rugbykampioenskappe. Boonop het ons agt van die moontlike tien bekers gewen wat die WP aan klubrugby toeken," sê hy.*

In sy nuwe posisie wil hy Stellenbosch-rugby weer 'n naam maak as een van die modelklubs in die land, met klubbestuur én spelersgehalte. En dit is dalk glad nie so moeilik om te bereik nie, veral nadat SA Rugby aangedui het hulle gaan in die volgende drie jaar klubrugby op Coetzenburg speel. Boonop het die Suid-Afrikaanse Studente Sportunie besluit om hul rugbytoernooie volgende jaar op die Matie-rugbyvelde te hou.

Die Wêreld Raakrugby toernooie in 2007 word ook op Coetzenburg gespeel en daar word beplan om 'n aantal wêreld-rugbytoernooie in 2012 op Stellenbosch te speel.

Besoek die klub se webblad by www.sun.ac.za/rugby